

PJ Kriel

10.05.2105

Inhoud Hierdie preek wys dat die goddeloses en geestelikes nooit deel van Christus wil wees nie, nie deel van die blydschap van sy verlossing nie en ook nie deel van die lewe wat Hy skep waarin gelowiges treur oor sonde nie. In hulle selfgenoegsame goddeloosheid en geestelikheid wil hulle nie in wie en wat Christus vir hulle is, ingesluit wees nie. Daarom het hulle teenoor die kerk van die Here altyd 'n kritikasterige houding: gelowiges is altyd net nooit reg en net nooit goed genoeg nie. Met hierdie afwysende houding vir enige meelewendheid van gelowiges demonstreer hulle hul afkeur in wie en wat die Here Jesus Christus is.

Skriflesing: Lukas 7:18-25

Teks: Lukas 7:35: *“Maar God tree met wysheid op en sy werke bewys dit.”*

Tema: Die Here laat ons treur oor ons sonde en bly wees oor sy vergifnis.

1. Nooit goed en reg genoeg nie!

Daar is altyd net iets wat verkeerd is. Altyd net iets wat nie reg is nie.

Dit is die posisie waarin ons as gelowiges onself al meer en meer vind teenoor die morele en geestelike uitsprake van kerklike leiers en begeesterde mense wat namens God oor ons oordeel.

Dit is die boodskap wat elke keer aan jou gegee word, maak nie saak wat jy doen nie. Net nooit goed genoeg nie. Altyd weer een of ander fout!

2. Die Here ontbloom hierdie kritikasterige houding van geestelikes, en die ingesteldheid van morele leiers teenoor Hom as die Here en sy Kerk, met die voorbeeld van die eenvoudige kinderlikheid van – die uitnodiging om saam te speel!

Kinders! Ken julle nog hierdie speletjie op die skool se speelgrond? Kom speel saam!

Onthou, die markplein in die Here se tyd was niks anders as die kinders se speelgrond vandag by skole nie.

In die Here se tyd as mens op aarde, kom kinders wat graag saam met die ander kinders op die markplein wil speel, en dan speel hulle op fluïte sodat hulle almal saam kan dans.

Die ander kinders op die markplein reageer met hierdie simpel houding: Ons wil nie dans nie ! Ons wil nie vrolik wees nie!

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Dan besluit hierdie ander groep kinders, dit is goed so, dan doen ons iets anders saam. Dan gaan ons saam met julle iets treurig sing.

Wat doen die ander groep op die markplein? Dan sê hulle weer: nee, ons wil nie saam met julle treurig wees nie. Ons gaan nie saam met julle iets treurig sing nie.

Ken julle hierdie houding van kinders op die speelgrond? Wanneer jy, of julle, sê kom ons speel saam, dan sê die ander, nee, ons wil nie speel nie. En as jy dan sê maar kom ons doen dan iets anders, dan sê hulle weer, nee, ons wil dit nie doen nie.

Wat is die boodskap wat jy moet kry?

Die boodskap klink só!

Ons wil nie enige iets saam met jou doen nie. Maak nie saak wat jy doen nie. Ons wil dit nie doen saam met jǒú nie. Ons wil nie deel wees van jǒú nie, en ons wil nie hê jy moet deel wees van ons groep nie.

3. Grootmense speel ook hierdie speletjie!

'n Mens sien dit baiekeer wanneer grootmense staan en grappies maak. Hulle lag net vir sekere mense se grappies. Maar selfs wanneer een grootmens die snaaksste grappie vertel, lag hulle nie saam nie. Want hulle wil nie saam met hom wees nie.

Hulle wil nie saam met hom lag nie, en hulle wil nie saam met hom huil nie. Want Hy is nie deel van hulle groep nie.

4. Dit was die spel wat besig was tussen hulle wat na Jesus Christus wou luister, en hulle wat nie na Jesus Christus wou luister nie.

Die groep wat nie na Jesus Christus wou luister nie, het hulle self Fariseërs en wetsgeleerdes genoem. Hierdie selfde groep mense het hulle wat na Jesus wóú luister, tollenaars en sondaars genoem.

Niks is ooit reg nie. Daar is altyd net iets verkeerd in wat Jesus sê!

5. Johannes die Doper was die laaste van die profete van die Ou Testament. Hy het mense gedoop wat só hartseer oor hulle sonde was, dat hulle verwag het dat Christus hulle van hulle sonde sou kom reinig volgens die Abrahamsbelofte, soos onder andere in Esegïel 36 aangekondig.

Hy was 'n profeet wat nie vir geld of mag gewerk het nie. Hy het die Woord van God gepreek soos wat God dit aan Hom opgedra het.

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Daarom was hy nie deel van die welvaartsbedryf van die geestelike leiers van sy dag nie. In hulle sondige drif het hulle God se Woord gebruik om mense gedienstig aan hulle magsug, eersug en hebsug te maak.

Daarom het Johannes nie soos hulle deftige en weelderige klere gedra om, soos hulle, geestelike mag te vertoon nie. Hy was daarom ook nie vriende met al die magtige mense wat ook, soos die geestelikes, besig was met eersug, hebsug en magsug nie.

Johannes het volgens die Nasireërbelofte van die OT, in eenvoud geleef. Hy het nie luukse kos gebruik, soos brood in daardie tyd, of wyn gedrink nie. Hy het van veldkos geleef: sprinkane en wilde heuning.

Met hierdie leefwyse was hy nie van magtiges en invloedrykes afhanklik nie en kon hy die Woord van God onbevange verkondig.

Wat het die geestelikes oor hierdie hartseer van mense oor hulle sonde, en die hoop dat Christus hulle van sonde sal kom reinig, en Johannes se eenvoudige lewenswyse om God se boodskap só aan hulle te verkondig, gesê?

Hulle het gesê Johannes die Doper is duiwelsbesete. In ons taal beteken dit hy is 'n valse predikant en hy verkondig valse godsdiens.

6. Jesus is die Christus wat Johannes die Doper aangekondig het. Jesus bring die blydskap en vreugde vir mense wat treur oor hulle sonde, dat Hy hulle sonde vergewe.

As teken dat die Here sondaars deel van God se genade en liefde maak deur hulle in te sluit in Jesus se sterwe en opstanding, kom Jesus en eet saam met sondaars. Hy eet saam met hulle brood en drink saam met hulle wyn.

Wat sê die geestelike en morele leiers oor Jesus?

Hulle sê Jesus is 'n vraat en 'n wynsuiper! Hy is 'n losbandige, sedelose en wettelose sondaar.

7. Nou wat moet die Here dan doen?

Wys die Here jou deur sy wet op jou sonde sodat jy hartseer oor jou sonde moet wees, dan is die Here vals en Sy boodskappers duiwelsbesete.

Bring die Here verlossing vir sondaars, dan is die Here 'n vraat en wynsuiper. Dan maak hulle Hom 'n sondaar wat nie sondes kan vergewe nie.

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Sien u wat hier gebeur?

Die Here kan hierdie mense nie laat treur oor sonde nie, en die Here kan hierdie mense nie bly maak oor verlossing nie.

Hoekom nie?

Want met hierdie speletjie: “Jy is duiwelsbesete as jy treur”, of “Jy is ’n vraat en wynsuiper as jy bly is oor verlossing”, wys hulle hulle wil glad nie deel wees van enigiets waarmee die Here besig is nie. Hulle wil aan niks deel wat die Here vir en met mense doen nie.

8. Dit is die boodskap van die geestelike en morele leiers van hierdie wêreld se geestelikheid:

- Die Here Jesus Christus kan nooit iets reg doen nie.
- Daar is altyd iets verkeerd met wat die Here Jesus Christus doen.

Want hulle wil nie deel in wie die Here is, en wat die Here vir hulle doen nie.

9. Ons mag ons self nooit misgis met hierdie speletjie wat die wêreld se geestelike en morele leiers, hierdie wêreld se Fariseërs en wetsgeleerdes, met ons speel nie.

- Ons sal nooit saam met julle hartseer oor sonde wees wanneer die Here wys wat sonde is nie.
- Ons sal nooit saam met julle bly wees oor die verlossing van sonde wat die Here aan julle gee nie.

Ons misgis ons met hierdie kritikasterigheid teen ons, omdat ons na hierdie kritiek luister asof ons daaruit moet leer wat ons verkeerd doen, met die oortuiging dat sou ons dit reg doen, dan sal ons vir hierdie geestelikes aanvaarbaar wees.

Ons mag nie hierdie boodskap in hierdie spel wat hulle met ons speel, verkeerd hoor nie!

Die boodskap is nie: “Kry jouself reg” nie. Die boodskap is: “Wie jy as gelowige is, sal nooit vir ons aanvaarbaar wees nie”.

Hoekom nie?

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Want hulle wil nie deel wees van wie Jesus Christus is, en wat Hy vir ons doen nie. Hulle wil nie deel wees van wie en wat die Here vir ons is nie.

10. Hulle sal nooit saam met ons treur oor sonde nie.

Wanneer jy hartseer is oor jou kinders of kleinkinders wat ongetroud saambly, dan is hulle nie saam met jou hartseer nie, maar soek hulle met jou fout omdat jy hartseer is oor hulle sonde. Hulle glo jy oordeel en het nie lief nie, wanneer jy hartseer is oor jou kinders en kleinkinders se sonde.

Wanneer jy hartseer is oor die ontrouheid van jou man of vrou, of oor jou pa of ma, is hulle nie saam met jou hartseer nie. Dan soek hulle fout by jou oor jy hartseer is oor hierdie sonde. Hulle maak of jy die fout van die ontrouheid teen jou is, en of jy moet bly wees oor jou pa en ma geskei het, want dit sou glo volgens hulle nou vir jou baie beter wees.

Wanneer jy treur oor die wetteloosheid van die owerheid en die land, is hulle nie saam met jou hartseer nie, maar soek hulle die fout van jou hartseer in jou rassisme of onversoeningsgesindheid.

Wanneer jy hartseer is oor hulle gevloek, hulle vulgareite en gedrink, is hulle nie saam met jou hartseer nie, maar beskuldig hulle jou van ongesellige meerderwaardigheid.

Wanneer jy treur oor die homoseksualiteit van 'n familielid of bekende, (net dit, hartseer is, nie veroordelend wees of afsydig nie, net hartseer omdat dit anders is as hoe die Here dit bedoel), dan is jy homofobies en liefdeloos.

Jy moet saam bly wees oor gaywees.

Wanneer jy treur oor eiesinnigheid, selfsug, hardvogtigheid, onsedelikheid, dronkenskap, naywer, woede, rusie, verdeeldheid of uitspattigheid, dan is daar fout met jou. Jy mag nie hieroor treur nie, want dan is jy veroordelend, hard en onmenslik.

Jy moet jouself regkry!

11. Hulle sal ook nooit bly wees oor die verlossing en vergifnis wat Jesus Christus aan ons skenk nie.

Wanneer jy bly is oor Christus Jesus se verlossing en vergifnis deur jou in te sluit in Sy werklike lyding, kruisiging, dood en opstanding, dan is jy 'n fundamentalis, 'n piëtis, bygelowig, nie verlig nie, nie post modernisties genoeg nie, nie redelik nie.

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Dan maak jy net jou eie geloofskonstruksies wat jy op ander mense se spirituele beleving van God wil afdwing.

Hierdie is die werklike spel van morele en geestelike leiers vandag!

Hulle wil nie saam met ons bly wees oor hoe die Here ons verlos nie. Hulle wil apaties en afsydig alles en almal akkommodeer, behalwe hulle wat in Jesus se plaasbekledende dood en opstanding glo.

Op die maat van hierdie fluit, wil hulle nooit saamdans nie.

12. Broers en susters, ons moet regtig die boodskap van hierdie spel hoor: in ons geloof en diens aan Jesus Christus sal ons nooit reg genoeg wees nie. Hierin sal hulle altyd fout vind.

Want ons Here is nie vir hulle goed genoeg nie.

Hy sal in wie Hy as Here is, en wat Hy as Here doen, vir hulle nooit reg wees nie. Die Here is nes Johannes die Doper, duiwelsbesete. Hulle het dit vir die Here self gesê.

Dit is die werklike rede hoekom hulle nooit saam met ons oor sonde sal treur nie, nie soos die Here sondes uitwys nie. Hulle sal nooit oor die wyse waarop Hy in ons plek sterf en uit die dood vir ons opstaan, bly wees nie. Die Here self is vir hulle niks anders as 'n vraat en wynsuiper nie.

13. Daarom mag ons onself nooit vir die geestelike en morele leiers van hierdie wêreld probeer regkry nie. Nie met fluite en danse of treurgesange nie. Ons kan nooit bly wees waarom hulle bly is, of treur waarom hulle treur, en andersom nie.

Kom ons ontdek die eie aard van ons geloof: Christus is vir ons goed en reg genoeg! Nooit vir hulle nie.

Die werk wat die Here Jesus vir en met ons doen, is die wysheid van God. Alles wat Christus doen, wys die wysheid van God vir ons.

Dit is die wysheid van God dat Jesus Christus saam met ons sondaar in ons plek is, sodat ons, soos Sagaria in sy loflied in Lukas getuig, die Here in heiligheid en geregtigheid onbevrees kan dien, al die dae van ons lewe.

Dit is die wysheid van God dat ons in geloof en uit geloof, onbevrees Hom kan liefhê volgens Sy Wet.

Die Here laat ons treur oor ons sonde, en bly wees oor Sy vergifnis

Daarom sal ons saam met die Here oor ons sonde treur, want Hy treur saam met ons.

Sal ons met die Here bly wees oor ons verlossing, want Hy en die hele Hemelse skare is bly oor ons verlossing. Die werke van die Here Jesus bewys hierdie wysheid: God treur saam en God is saam bly.

Kom ons treur oor sonde: ons eie, die van ons kinders, ons familie en ons geliefdes. Kom ons treur oor die sonde van die wêreld.

Kom ons verbly ons in die vergifnis van Jesus Christus. Ons eie, die van ons geliefdes, en die van die Kerk van die Here.

Kom ons sing saam met die Here hierdie Hemelse lied!